VAN ONS SUSTERS

TERUGVOER SUSTERSAAMTREK - KOSTER

Tema: Jy is 'n lewende brief - 2 Korintiërs 3: 3

22 opgewonde Susters moes Saterdag 8 Maart vroeg opstaan om die bus by Huis Eikelaan te haal, oppad na die Sustersaamtrek op Koster. Ons het gesellig en voorspoedig gery en ons verkyk aan die groen omgewing, sonneblom lande en pekanneutboorde.

Met ons aankoms het die "Gideons-bende" van Koster ons getrakteer met geskenkpakkies en 'n heerlike gesonde ontbyt. Onder hulle was: blomvouers, dekkers, bakkers en skinkers, Weters en sweters, die hekelaars en die boekie-spoeg-en-plakkers wat almal hulle bydrae gelewer het. Hulle het ook gesorg vir eet- en drinkgoed tydens die pouse en middagete.

Ná die pragtige samesang, begelei deur Anja Viljoen, het ds. Danie Booyens geopen. Daarna het die Koster-Susters, alias Begrafnisgangers uit vergange dae, kompleet met hoede en handskoene, ons verwelkom met sang op die wysie van Sarie Marais.

Ons spreker, Esté Geldenhuys, 80-jarige ouma van 6, het daarna aan die beurt gekom. Sy is reeds 28 jaar betrokke by Radiokansel, skryf ook boeke wat daar te koop aangebied is en het ook al toergroepe begelei na Israel.

God het ons almal beplan as heilig en sonder gebreke. Ná die Sondeval is vergifnis net moontlik gemaak deur die kruisiging van sy Seun Jesus.

Daarom is ons elkeen geroep vir 'n unieke roeping op aarde en deur dié roeping te vervul, is ons lewende briewe op aarde wat getuig van die liefde van God en skryf ons dit soos briewe op die harte van mense.

Daarna is ons getrakteer op die pragtige sang en musiek van Red Wine Acoustics (van Potchefstroom). Hulle was baie toegeeflik en het op versoek, 'n hele paar liedjies herhaal.

Voorwaar 'n heerlike bederfdag saam met mede-gelowige Susters.

DV 7 Maart 2026 is ons na Wolmaransstad genooi vir die volgende Sustersaamtrek.

Baie dankie aan Mietsie vir die skryf van hierdie verslag oor die Saamtrek.

Weereens dankie aan Wymie vir die busreëlings.

Baie dankie aan elke suster wat die dag kon meemaak.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 10. Sondag 16 Maart 2025
REDAKTEUR: **RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste en kategese.
Ouderlinge: Wyk 3 **Nelis Coetsee** en Wyk 4 **Flip Mostert**
Diakens: Wyk 3 en 4 **Rudy van der Spoel/Banie Nortjé**
Skinkbeurt: Wyke 3 en 4 **Wyksusters Dina Coetsee en Frieda v d Walt**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: Jakobus 1:2-4.
Fokusverse: Jakobus 1:2-4.
TEMA: ***Ons ag beproewing as groot vreugde wanneer ons weet watter voordele dit inhou.***
Sing: Psalm 108:1 (melodie Psalm 147); Psalm 34:1, 2; Psalm 34:4; Psalm 126:1, 2 (tweede melodie); Psalm 119:23, 25 (tweede melodie); Psalm 30:3, 4, 8.
Sing met meelewing: Psalm 30:7.

AAND: Woordbediening: Handelinge 16:6 - 10; 16 - 33.
Fokusverse: Handelinge 16:31.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, paragraaf 5.
TEMA: ***Die troosryke belofte van die evangelie en die eis tot geloof en bekering moet verkondig word.***
Sing: Skrifberyming 17-2:1, 2, 3, 4 (melodie Psalm 100); Psalm 96:1, 2, 6; Psalm 119:12, 26; Psalm 67:1, 2; Skrifberyming 20-2: 1, 2, 3, 7(50) (melodie Psalm 134; na die wegstuurseën).

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die *Instituut Christelike onderwys*
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
Volgende week: Spesiale kollekte is vir *Ekumenisiteit (Buitelands)*

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Susan Coetzee het Woensdag ’n operasie in Mooimed aan haar knie ondergaan. Ons is dankbaar dat die operasie goed afgeloop het en bid haar ’n volkome herstel toe.

Susan Nortjé word nog steeds in Medikliniek behandel. Ons verseker haar, Koos en ook Banie en Marli-hulle van ons volgehoue voorbidding vir hulle.

Ons is dankbaar dat **Jan Kroeze** uit Anncron ontslaan kon word en nou tuis aansterk. Dit is ons gebed dat Jan daagliks in sy kragte versterk mag word.

Die verwagte veloorplanting wat **Suzie Marais** verlede Vrydag sou ontvang, het nie plaasgevind nie. Erge bloeding het die dokter genoodsaak om die operasie te staak en verdere biopsie te doen. Suzie het Donderdag ’n opvolgbesoek aan die plastiese chirurg gebring. Ons verseker Suzie en Karel van ons voorbidding vir hulle, en dat u in hierdie tyd die vrede van ons Here mag ervaar.

Jesse en Stienie Niemand is altwee baie siek tuis, vermoedelik as gevolg van ’n virale infeksie ná die besoek aan die Tshepong Hospitaal. Dit is ons bede dat Jesse en Stienie spoedige beterskap mag ontvang. Jesse moet vroeg in April weer ’n afspraak met die chirurg nakom waartydens die behandelingsplan bespreek sal word.

Wymie du Plessis ondergaan Woensdag 'n operasie aan haar knie. Ons bede is dat die operasie geseënd mag wees en dat Wymie lewenskwaliteit daardeur van ons Here mag ontvang.

WAT VAN ‘N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?

Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit
om na die erediens ’n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons deel in die opgewondenheid, vreugde van **Gerda Bouwsema en Jaco Viljoen** (hy is vir ons soos (kerk)familie!) wat Vrydag 21 Maart in die huwelik tree! Mag julle groot vreugde op dié dag ervaar en mag julle ryke seën van ons hemelse Vader in julle huwelikslewe ontvang!

Baie geluk aan **Lily Pretorius** vir wie daar hierdie week ‘n agtste agterkleinkind gebore is. Dit is ’n kleinkind vir **Amanda du Plessis.** Baie geluk ook aan haar asook aan die ouers. Mag ons troue Verbondsgod aan hulle baie vreugde en seën gee saam met hierdie verbondskindjie.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	16/03	08:30	Hoërskoolkatkisasie (Les 7)	Bovertrek
		10:50	Laerskoolkatkisasie (Les 7)	Bovertrek
Di	18/03	15:00	Bybelstudie: Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
So	23/03	15:30	Erediens Huis Eikelaan	Kapél

KATKISASIE	Sondag 16 Maart	Sondag 13 April 2025
Hoërskoolkatkisasie	Les 7	Les 8
Lesrooster:	Les 7	Les 8
Psalmvers:	Psalm 43: 3	Psalm 43: 3
Heidelbergse Kategismus:	Sondag 7	Sondag 8
Memoriseerwerk (Gr. 1-2)	Onse Vader, 6de bede	Onse Vader, 7de bede

BYBELSTUDIES

Dinsdag 18 Maart om 15:00 by Huis Eikelaan in die Rooi Sitkamer.
Woensdag 19 Maart Die Bybelstudiegeleentheid van Woensdag-aand in die Konsistorie staan oor tot ’n latere geleentheid.

BEVESTIGING AS OUDERLING

Ons is dankbaar dat Koos Nortjé die roeping tot die diens van ouderling opgevolg het. As gevolg van Susan se siekte en hospitalisasie word die bevestiging met een week uitgestel. Koos sal dan DV op Sondag 23 Maart 2025 tydens die oggenddiens in sy diens as ouderling bevestig word.

EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Ds. Awie Verhoef, emeritus van die Gereformeerde Kerk Wierdapark, sal met die erediens in die Kapél van Huis Eikelaan op Sondag 23 Maart om 15:30 voorgaan. Die toesigbeurte sal deur ouderling Danie Erasmus waargeneem word.

VERLOF: PROF. CALLIE COETZEE

Prof. Callie Coetzee sal vanaf 19 Maart tot 2 April met verlof wees. Dit is ons gebed dat hierdie rustyd vir hom verkwikkend mag wees. Lidmate in die tehuise wat onder prof. Callie se sorg is, kan met vrymoedigheid in hierdie tyd ds. Jannes of hulle wyksouderlinge kontak wat hulle graag sal bystaan en ondersteun.

HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	16/03	**Mari Stols (86),**. Wyk 12
Wo	19/03	**Ds Jannes van Dyk,**. Wyk 9

Seënbede met meelewing Psalm 30: 7

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel.
Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
21 MAART 2025

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 Hamburgers. Worsbroodjies R 30 en Pannekoek R 5